**22 Mei** **Skrifgedeelte: Psalm 66**
**Fokusgedeelte: Psalm 66:1, 2**

**Juig tot eer van God – almal op aarde!**

Wys my jou vriende en ek weet wie jy is, só lui 'n spreekwoord. Ons kan dié spreuk verdiep: Wys my jou God en ek sal weet wie jy is (moet wees)! God "wys" Homself. Hoe ontsagwekkend is sy werk nie! Die tekens van sy almag kan duidelik gesien word in sy wonderbare verlossingswerk gedurende die uittog van sy volk uit Egipte, ook in sy mag oor die natuur en oor nasies (vs 5-7). Om die rede roep die psalmdigter almal op om God te eer.

As dit swaar gaan, het ons dan nog rede om Hom te loof? O ja, die beproewing en swaar laste sien die digter as 'n veredelingsproses waardeur God sy wonderdade met ons en in ons verdiep (vs 10-12)! Daarom moet ons Hom loof. God se ontsagwekkende dade handel egter nie net oor groot dinge (nasies en natuurprosesse) nie. Hy is ook by *jóú* persoonlik verlossend werksaam, want Hy hoor en verhoor jou in nood (vs 13-20). Die psalmdigter kan dus nie anders nie: Hy wil offers van dankbaarheid bring en veral lofliedere sing tot eer van God!

Kan ek en jy anders? God het immers aan ons die grootse verlossingsdaad in Christus bewys! Waarom is ons dan soms so swaarmoedig? Is dít wat jy wil hê dat mense van ons God moet sien?

*Sing: Psalm 66:7 (Totius-beryming)* *Ds. HC van Rooy (Port Elizabeth)*